



Vak: Graad 9 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 82 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9

Kameelperdjie sonder kolle

1. Op 31 Julie 2023 is 'n kameelperdjie in 'n dieretuin in Tennessee in die VSA gebore - sonder kolle.
2. Die kameelperdjie sonder kolle het reeds 1,8 meter hoog gestaan by geboorte. Dit is 'n baie seldsame gebeurtenis vir 'n gevlekte kameelperd om sonder kolle gebore te word. Sy is vermoedelik die enigste kameelperd op die oomblik in die wêreld sonder kolle.
3. Sy is 'n mooi, soliede bruin kleur, sonder enige van die spesie se kenmerkende patrone wat haar in die natuur met kamouflering sou help.
4. Die eienaar van die dieretuin, Tony Bright, sê hy hoop dat die publisiteit oor die kameelperd bewusmaking sal skep oor die bedreiging wat gevlekte kameelperde ervaar.
5. Volgens hom is die kameelperde se getalle besig om af te neem in die natuur. Sowat 40% van die kameelperd-bevolking het die afgelope drie dekades verlore gegaan.
6. Na 'n aanlynstemmery is sy Kipekee gedoop. Dit beteken "uniek" in Swahili. Omtrent 40 000 mense van reg oor die wêreld het deelgeneem aan die stemmery. Ander name was ook voorgestel, maar baie besoekers het gereken dat kinders die naam, Kipekee, die maklikste sal kan uitspreek.
7. Dit gaan baie goed met Kipekee. Sy is baie rustig en nuuskierig. Sy ondersoek elke dag alles.

Bron: maroelamedia.co.za 7 September 2023

Woordeskat

aanlynstemmery - on-line voting

bedreiging - threat

bewusmaking - raising awareness

deelgeneem - participated

gekleurde - spotted

kameelperd - giraffe

kamouflering - camouflage

kenmerkende - characteristic

kameelperd-bevolking - giraffe population

nuuskierig - curious

rustig - peaceful

uniek - unique

verlore - lost

vermoedelik - likely



Vraag 1: Waar/Onwaar

2 punte

Die kameelperdjie is in Suid-Afrika gebore.

WAAR**ONWAAR****Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

Die kameelperd se naam is (1) . Dit beteken (2) .

Opsies Is: Kolle | Kipekee | sonder kolle | uniek

1**2****Vraag 3: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die kolle help 'n kameelperd met ... in die natuur.

Verskaf **slegs een woord**.

Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Hulle hoop die (1) oor die kameelperd sal mense (2) maak van die bedreiging wat hulle in die natuur ervaar.

Opsies Is: moeilikheid | publisiteit | afskrik | bewus

1**2****Vraag 5: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Die kameelperdjie is sonder ... gebore.

Verskaf **slegs een woord**.



Vraag 6: Waar/Onwaar

2 punte

Die kameelperd se naam is Swahili.

WAAR

ONWAAR

Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die beskrywing wat die beste by die kameelperdjie se geaardheid pas:

- | | |
|----------|-----------------------|
| A | Skaam en stil. |
| B | Rustig en nuuskierig. |
| C | Kwaai en onrustig. |
| D | Slaperig en honger. |

Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kameelperde se ... neem af in die natuur.

Verskaf **slegs een woord**.

--

Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die kameelperd se naam ...

- | | |
|----------|---|
| A | is uit 'n hoed getrek. |
| B | is deur die dieretuin se eienaar gegee. |
| C | is in 'n aanlynstemmery gekies. |
| D | nog nie gekies nie. |

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24

Kameelperde

1. Toe ons klein was, het ons hierdie rympie geleer:

“Kameelperd met jou lange nek,



kan jy hom nog langer rek.
Kan jy hom nóg langer maak
dat jy aan die dak kan raak?"

2. 'n Wetenskaplike vertel: "Die kameelperd is 'n soogdier met 'n kenmerkende lang nek." Hulle kom algemeen in die nasionale parke in die noorde van Suid-Afrika voor.

3. Die Afrikaanse naam vir die kameelperd kom van die 17de eeuse Nederlands en van die Latynse naam camelopardalis. Hierdie naam kom op sy beurt uit Grieks en is saamgestel uit "kamēlos" wat kameel beteken en "pardalis" wat luiperd beteken. "Luiperd" verwys na die bruin vlekke op die kameelperd se pels, en "kameel" na sy liggaamsbou met 'n lang nek.

4. Aanvanklik was die dier in Europa slegs uit reisverhale bekend. Hulle kom nie van nature in Europa voor nie. Die eerste werklike kontak met lewende kameelperde was deur middel van Italiaanse dieretuine in die 16e eeu. Baie tale het die nuwe woord "giraffe" aan Italiaans ontleen.

5. Kameelperde het 'n kenmerkende voorkoms, met hul lang nekke en relatief kort lywe. Die gemiddelde kameelperdbul weeg ongeveer 1 200 kg en die koei is aansienlik ligter met 830 kg.

6. Kameelperde het kleurvisie, en kan goed hoor en ruik.

7. Kameelperde kan aan hulle kolle uitgeken word, aangesien daar nie twee kameelperde met presies dieselfde kolle is nie.

8. Die kameelperd se poot het 'n gesplete hoef. Aanvanklik loop die kameelperd al agter sy ma aan. As daar 'n paar jong kameelperde in 'n troppie is, sal hulle gou-gou met mekaar begin speel.

9. Kameelperde kom in verskeie streke van Afrika voor. Hulle is herbivore en eet die blare en fyn takkies van bome. Hulle (wei/wy) meestal gedurende die eerste en laaste dagligure.

10. Die naasverwante dier aan 'n kameelperd is die okapi.

Bron: Wikipédia

Woordeskat

aansienlik - notable

aanvanklik - at first

dagligure - daylight hours

gemiddelde - average

kameelperd - giraffe

kenmerkende - characteristic

luiperd - leopard

ongeveer - about

reisverhale - travel stories

saamgestel - composed of

trop - herd

uitgeken - identified

verskeie - various

werklike - real

wetenskaplike - scientist



Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 2: "Hulle kom algemeen in die nasionale parke in die noorde van Suid-Afrika voor."

Die woord, hulle, is 'n ...

- | | |
|----------|---------------------------|
| A | persoonlike voornaamwoord |
| B | besitlike voornaamwoord |
| C | aanwysende voornaamwoord |
| D | vraende voornaamwoord |

Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf in die indirekte rede:

'n Wetenskaplike vertel: "Die kameelperd is 'n soogdier met 'n kenmerkende lang nek."

Verskaf die **volledige indirekte rede**.

--

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 5: "Die gemiddelde kameelperdbul weeg ongeveer 1 200 kg en die koei is aansienlik ligter met 830 kg."

Die woord, aansienlik, bestaan uit 'n voorvoegsel, aan-, en 'n basiswoord, sienlik.

WAAR

ONWAAR



Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die korrekte woordsoort vir die vetgedrukte woorde:

Paragraaf 3: "Hierdie naam kom op sy beurt uit **Grieks** en is saamgestel uit "kamēlos" wat kameel beteken en "pardalis" wat luiperd beteken. "Luiperd" verwys na die bruin vlekke op die kameelperd se pels, en "kameel" na sy liggaamsbou met 'n **lang nek**.

Grieks - (1) ,

lang - (2) en

nek - (3) .

Opsies is: werkwoord | eienaam | byvoeglike naamwoord | voornaamwoord | selfstandige naamwoord | voegwoord

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Benoem die sinsoort:

Paragraaf 1: "... Kan jy hom nóg langer maak dat jy aan die dak kan raak?"

Verskaf **slegs een woord**.

--

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Paragraaf 4: "Aanvanklik was die dier in Europa slegs uit reisverhale bekend."

Hierdie sin is in die ... tyd geskryf.

Verskaf **slegs een woord**.

--



Vraag 16: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Paragraaf 4: "Die eerste werklike kontak met lewende kameelperd was deur middel van Italiaanse dieretuine in die 16e eeu."

Verskaf die afkorting vir die groep woorde: deur middel van.

Verskaf **slegs die afkorting**.

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 8: "Die kameelperd se poot het 'n gesplete hoof."

Kies die korrekte vraagsin, gebaseer op hierdie stelsin.

- | | |
|----------|--|
| A | Waarom is die kameelperd se hoof gesplete? |
| B | Het die kameelperd se poot 'n gesplete hoof? |
| C | Is die kameelperd se poot gesplete? |
| D | Wanneer is die kameelperd se hoof gesplete? |

Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Paragraaf 10: "Die naasverwante dier aan 'n kameelperd is die okapi."

Kies die korrekte betekenis vir die woord, naasverwante.

- | | |
|----------|--------------------------------------|
| A | beste om mee saam te wei |
| B | deur familiebande aan mekaar verwant |
| C | naaste grootte dier |
| D | teenstander |



Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Benoem die soort sinne:

Paragraaf 8: "Aanvanklik loop die kameelperd al agter sy ma aan." - (1) .

"As daar 'n paar jong kameelperde in 'n troppie is, sal hulle gou-gou met mekaar begin speel." - (2) .

Opsies Is: verlede tyd | enkelvoudige sin | saamgestelde sin | direkte rede

1		2	
---	--	---	--

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Ons lees in paragraaf 1:

"Kameelperd met jou lange nek, kan jy hom nog langer rek."

Die klanke wat in vetdruk is, is 'n voorbeeld van assonansie.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 6: "Kameelperde het kleurvisie, ..."

Dit beteken hulle kan kleur sien.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

Paragraaf 9: "Kameelperde kom in verskeie streke van Afrika voor."

Die woord, streke, het 'n figuurlike betekenis in hierdie sin.

WAAR	ONWAAR
------	--------



Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kies die korrekte spelling van die woord tussen hakies:

Paragraaf 9: "Hulle (wei/wy) meestal gedurende die eerste en laaste dagligure."

Verskaf slegs **een woord**.

--

Vraag 24: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Benoem die woordsoorte van die woorde in vetdruk:

Paragraaf 7: "**Kameelperde** kan aan hulle kolle **uitgeken** word, **aangesien** daar nie twee kameelperde met presies dieselfde kolle is nie. "

Kameelperde - (1) ,
uitgeken - (2) en
aangesien - (3) .

Opsies is: eienaam | selfstandige naamwoord | werkwoord | byvoeglike naamwoord | voegwoord |
persoonlike voornaamwoord

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

Baie mense het aan die stemmery deelgeneem om 'n naam te kies.

WAAR

ONWAAR

Totaal: 82 Punte